www.volksblad.com OM TE ADVERTEER SKAKEL | BFN: T: 051 404 7757 · F: 051 447 2940 KBY: T: 053 831 2331 · F: 053 831 2330 · E: adverts@volksblad.com / julia.lesing@volksblad.com (Kimberley)

# Geklassifiseerd

eksklusief aanlyn by OLX
Waar kopers en verkopers mekaar ontmoet
www.olx.co.za

## STERFGEVALLE



**BRONN**

*30/03/1933 - 09/06/2017*

Die begrafnisdiens van James John, in lewe van Bloemfontein, vind plaas uit die NG Kerk Bloemheuwel, Haarburgersingel, Westdene, Bloemfontein, op Maandag 19 Junie 2017 om 11:00 van waar die stoet sal beweeg na die Memoriam-begraafplaas (treinspoorkant) vir die teraardebestelling.

Reëlings:
Tel: 051 448 8566
SAMBA kontrakteurs vir die uitvoering van begrafnisse

Emmanuel

### ALGEMENE KENNISGEWINGS

### GEMEENSKAPS-KENNISGEWINGS

1210

**Hiermee gee Misty Sea 139CC, wat handel dryf as Storage City kennis aan:**
- PE Rasiile- UNIT 25, ID: 761113 5511 084
- C Smith – UNIT 36, ID: 700410 5061 084
- TS Taso – UNIT 82, ID: 790406 5781 086
- Johan Liebenberg – UNIT 106
- OL Mthembu - UNIT 112, ID: 830625 0834 085
- Lefanosi Const - UNIT 182, ID: 631224 5672 087
- Lonispark(PTY) Ltd – Unit 45

om hulle uitstaande huur binne 7 dae te betaal, anders sal store se inhoud verkoop word om uitstaande stoorkoste te dek.
**Skakel ons: 051 433 3435/6.**

### PERSOONLIKE DIENSTE

### LENINGS

1445

**OORBRUGGINGS-LENING? Wag u vir pensioen- of pakketuitbetaling? Stuur 'please call me' na 082 301 7856. IRIS BRIDGE 066 010 9546.**

**BRIDGING CASH** while waiting for **PENSION/PACKAGE/ PROPERTY SALE**
Payout (lump sum only)
086 110 1388/
076 886 7655.

### SOSIAAL & ONTSPANNING

1425

**Jagte:**
**Auch Macoy.**
8 km buite Bloemfontein. 8 Jagspesies. Luukse selfsorgeenhede.
**Jaco 079 870 0499.**
**Maryke 051 407 6938.**
**marykeb@satb.co.za**

### TE KOOP

### ALLERLEI

1655

**ALLE GROOTTES WERKERS-/SINK-HUISIES en toilette.** ☎ **Johan 083 303 9895.**

**PARADISE**
**BEDDING & COUCHES**



051 522 3348
www.paradisebedding.co.za

**Ek koop** tweedehandse meubels en ander huishoudelike items, bv. TV's, werkende elektriese ware, gereedskap, babagoed, voertuie, ens. Ek kom na u toe, betaal kontant. Topprywse. **Marco 083 450 9400.**

**KING KONG**



**ONS PAND**
www.kingkong.co.za
**051 430 4418**

**Wildsvleis te koop:** Swartwildebees. Heel karkasse te koop. R35/kg.
**051 407 6938/**
**marykeb@satb.co.za**

**Tweedehandse** vooraf-vervaardigde huise: Koop, verkoop, aftakeling en oprigting.
**Skakel Jannie**
**063 708 4465.**

### TROETELDIERE

1590

**Boerboel-hondjies: Swart met bietjie wit.** Ingeënt en ontwurm. Ouers uitstekende temperamente.
Brandfort. **Skakel of WhatsApp 083 264 2233.**

**WINDHONDE:**
Kimberley. 5 maande, eerste ent en ontwurm. R1 000.
Skakel 084 400 4794.

### ALGEMENE & HUISDIENSTE

### BOUWERK & KONSTRUKSIE

1801

**4 House Repairs:** Herstelwerk aan huise, verf, seël, verf dakke, toesig. Noem dit, ons doen dit. ☎**083 741 4652.**

**Groot,** medium en klein bouwerk, verf en onderhoud van huise, staalheinings. NHBRC-gereg. **Chris 079 958 5037.**

**Aandag! Beste pryse!** Bouwerk, plaveisel, seël van dakke, staalwerk, teëlwerk. 23 jaar ondervinding. **072 717 1335.**

**AANDAG! KWALITEIT-**aanbouings asook restourasie (verwysings beskikbaar), plafonne en 'dry walls', verfwerk, elektries, ingeboude kaste, staalafdakke, aluminium, glas, ens. Gratis kwotasie. ☎**079 581 6654.**

**BLITZ BETON:** Vir betonheinings, randstene en vervang van bestaande betonheinings.
**Tel. 051 433 1077/ 082 441 7413.**

**HUISEIENAARS** met groot erwe: Bou 104-vk m-huis met teëldak teen R299 000. Doen ook aanbouings. ☎ **082 625 6613.**

### ELEKTRIES

1810

**1-CALL Appliance Repairs:** Alle wasmasjiene, tuimeldroërs, ys-/vrieskaste. Oop Ma. - Sa. Herstel binne 24 uur by u huis! ☎ **073 363 9075.**

### HERSTELWERK

1811

**AANKOOP** van yskaste, werkend of stukkend. Doen ook herstelwerk plus gas, dieselfde dag. MS Electric. **082 573 4737.**

**MEND-A-BATH**
**Spesiale aanbiedinge**
'Re-enamel' van alle tipe baddens, wasbakke en toilette. Werk in badkamer. 5-jaar-waarborg. ☎**082 854 8420.**

### VERVOER & BERGING

1875

**WILLIAM EN CASPER MEUBELVERVOER: 4-ton- toe trok en 6-m-toe sleepwa vir professionele meubelvervoer landwyd. ☎079 080 8686.**

**8-TON- EN 5-TON-toebaktrokke te huur vir vervoerwerk (verhuising). 078 304 9372.**

Alles wat op my 1- tot 6-tonner pas, vervoer ek. Vanaf R220.
☎ **072 500 3006.**

**SAKKIE**
☎ **082 879 8280.**
**VERWYDER VAN ROMMEL EN TREKKE.**

**THE TRANSPORT COMPANY:**
Landwye meubelvervoer, 15 jaar ondervinding.
**Skakel 081 369 4040.**

### BOME

1871

**AAA Tree-Felling:** 40% afslag. ☎**Joubert 083 240 7905.**

**AFSAAG van bome: Gratis kwotasie. Annemie 083 480 7999.**

**AFSAAG VAN BOME:** Klein en groot. Verwyder alles. Gratis kwotasies. **Pieter The Woodpecker ☎082 772 9069.**

### VAKANSIE & REIS

### GASTEHUISE/ B&O/HOTELLE

2625

**Jeffreysbaai**
**Pinnaquin, Luukse 4-STER-gastehuis.**
Seevilsig. Strand/winkelsentrum 6 minute se stap.
**Hettie 042 296 0008**
**082 775 1568**
Elsa 082 857 8933
info@housepinnaquin.co.za
www.housepinnaquin.co.za

### VOERTUIE

### TOEBEHORE & ONDERDELE & MODIFIKASIES

3001

**ONS HET VERHUIS NA Kerkstraat 200.** SOEK DRINGEND TWEEDE-HANDSE BAKKIEKAPPIES. **Skakel 072 553 3286.**

### BAKKIES/4X2's TE KOOP/HUUR

3010

**Bakkie-Sentrum**
**Johan Junior Motors**
**soek dringend bakkies en dubbelkajuite om te koop.**
**082 339 9071**
**051 448 5740**
bakkiesentrum@vodamail.co.za
**BESOEK GERUS ONS WEBTUISTE BY:**
**www.bakkiesentrum.co.za**

### MOTORS TE KOOP

3025

Lexus IS 250, ATS V8 te koop, 2012-model, 30 000 km, pensioenaris verkoop. ☎ **083 309 9559.**

### VOERTUIE GESOEK OM TE KOOP

3075

**Soek motors en bakkies. Topprywse. Ek kom uit.** ☎ **051 447 2399 of Nic 084 208 2565.**

**Kontantkoper** soek klein tweedehandse motor in goeie toestand in lae prysklas. **Skakel kantoor: 051 445 2544/na-ure Hugo 082 772 9462.**

### EIENDOMME

### SAKEPERSELE

3215

**SAKEPERSELE TE HUUR: PRIVAAT.**
**Stoor 1:** Maroelastr.650 vk m, R15 000 plus BTW.
**Stoor 3:** Maroelastraat, 350 vk m, R7 700 en BTW.
**Stoor 4:** Maasdorpstraat, 400 vk m. 330-vk m-betonerf, R13 000 plus BTW.
**Privaat huurder:**
H/v Maroelastraat, ou industriële gebied.
☎ **051 525 2181 08:00 - 13:00.**

### WOONSTELLE TE KOOP

3255

**Navalsig: R420 000.** P105024996. 2-slk met nuwe, moderne kombuis. Naby skole. **Deon Hartman 083 420 0653 NRE.**

### WOONSTELLE TE HUUR

3250

**2-slk-woonstel** met toesluitm/h, sentraal geleë naby Waterfront. Besk. 1 Julie 2017. R4 700 p.m. **082 576 3160.**

**Eenmanwoonstel te huur in Generaal De Wet:** 1 slaapkamer, 1 badkamer. R3 000 p.m. **Skakel Toors 082 929 8457.**

**Enkeltuinwoonstelle:** Groenewoudstraat 3, Universitas. Loopafstand van universiteit. Water ingesluit. Koopkrag.
☎ **051 525 2181**
**08:00 - 13:00.**

### GEMEUBILEERDE AKKOMMODASIE

3250

**Hospitaalpark:** Gemeubileerde kamer vir jong persoon (18 - 25 j).
**R1 800 p.m.**
**Skakel 076 379 2241.**

### TUINWOONSTELLE TE HUUR

3260

**HOSP:**2 slk, 2badk, onderdakparkering. R4 200 p.m, dep. R3 000. W/E uitgesluit beskik. 1 Julie 2017.
☎ **082 467 4660.**

### HUISE TE KOOP

3270

**Koop van eienaar.** Fichardtpark. 5 slk, 3 badk, studeerk, 3 motorhuise en woonstel. R1 490 000. **Skakel 082 485 8582.**

### HUISE TE HUUR

3270

**Generaal De Wet:** 3 slaapkamers, 2,5 badkamers, ingeboude kaste, swembad, braaiarea, elektriese hek, koopkrag. R6 700 p.m. **Skakel Toors 082 929 8457.**

### MEENTHUISE TE KOOP

**Fleurpark:** Ruim. 94 vk m. 2-slaapkamer met toesluitmotorhuis. Onmiddellik beskikbaar. **R820 000.** ☎ **Robert 082 457 3261.**

**Hillside/Noorde:** P24 103952600. 2-slk-meenthuis in die noorde. Baie veilige kompleks met groot tuin. **Deon Hartman 083 420 0653 NRE.**

### MEENTHUISE TE HUUR

3305

**GOWANLEA: Heuwelsig:** In gesogte kompleks. 2 slk, 1 badk, songeiser. Koopkrag.R5 400 p.m. ☎ **082 701 1538.**

**LHP: 3 slk**, 2 badk, dubbel-toesluit-m/huis. Beskikbaar 1 Julie 2017. R7 000 p.m. **Skakel 083 449 1613.**

**2-slaapkamer-meenthuis in Langhovenpark:** 'Cottages': R5 500 p.m. Dep. R5 500. Geen troeteldiere. Beskikbaar 1 Julie. ☎ **083 293 0822.**

**Noordhoek:** 2 slk, 2 badk, oopplan, nuut en modern. Klein diere welkom. Beskibaar 1 Julie. R5 500 p.m. plus dep. R5 500. ☎ **CHRIS 082 377 2895.**

**WILGEHOF:**
NETJIESE 2 SLPK, 1 BADK & M/H: R4 800 p/m BESKIK 1 JULIE
**LHP: AREZZO:** 2 SLPK, 2 BADK, 2 M/H & LAPA : R5 595 p/m ONM. BESK.
**PELLISIER:** 2 SLPK, 1 BADK, 1 M/H R5 750 p/m ONM. BESKIK.
**WOODLAND HILLS:** SONNIGE 3 SLPK, 2 BADK & 2 M/H R8 700 ONM. BESKIK.
**LHP: THE BRIDGE:** NETJIESE 2 SLPK, 1 BADK & OOPPLAN LEEFAREA ONM. BESK
**UNIV: ALUNO VIDA:** 2 SLPK, 1 BADK & AFDAK 1 JULIE : R5 600 p/m
**ANNE-MARIE 082 537 9680**
**MARELI 083 381 9409**
**A&M EIENDOMME**

### BETREKKINGS

3600

### BETREKKINGS GESOEK

3670

**Ek vra huiswerk** vir 5 dae, kan alles doen, kan kook, kind oppas en Afrikaans praat. Het verwysing. **078 238 5255.**

**Ek vra huiswerk** vir 5 dae, in-/uitslaap. Kan kind oppas, bale mooi werk en kook. ☎**073 076 1955.**

**I'm looking for domestic/ nanny work: Sleep out, I'm a hardworker. 083 735 0046**

### ALGEMEEN

3680

**KODE 14-**langafstanddrywer gesoek. Min. 5 jaar ondervinding van Mercedes-Benz en Freightlinertrokke met Superlink. Faks CV na: 086 693 8429.

**BUILDING INDUSTRY**
Quantity Surveyor needed
Minimum 5 Years Exp.
B.SC Degree
Experience in WinQS and Microsoft Projects
**Email CV to:**
**admin@razz.co.za**
**Fax: 086 756 7383**

**Debtors Supervisor:**
*10 - 15 years' management experience in Debtors Dept.
*Must be able to manage a team and work with strict deadlines.
*Salary to be discussed.
**Please e-mail all CVs to: candice.naidoo@autopartsdiv.co.za**
**Closing date for submissions: 20 June 2017.**

**Koffie's Lodge Theunissen** benodig twee kroegdames. R4 500 per maand plus gratis verblyf. **Skakel 083 892 2460.**

**Locksmith wanted** to work part time jobs must have own tools and transport. **082 771 5936.**

**NATIONAL COMPANY** is looking for males with matric. R5 000- R6 000 p.m. ☎**076 017 0049.**

**Seeff Estate Agents. Mentored by Management. CV's to hr@seeff.com**

**Calculus College** het die volgende onderwysposte beskikbaar: 2 x Senior Fase poste vanaf kwartaal 3. **Stuur CV na elserie@calculusschools.co.za** voor of op 19 Junie 2017.

**VLEISTEGNIKUS BENODIG:** Minstens 5 jaar ondervinding in die bedryf. Tussen 25-35 jaar oud. **Stuur CV na aaavleismeat@telkomsa.net of handig in by AAA Hospitaalpark.**

**Eiendomsagente met volstatuskwalifikasies benodig. Gunstige kommissieverdeling. Gilbert 060 403 8060.**

**Well-known fast food outlet looking for managers.**
Age: 25 - 35.
Male or female.
Salary ± R7 000 p.m.
Fax CV: **086 599 2034**
E-mail: **stadium.headoffice@gmail.com**

### KLEINHANDEL

3740

**Experienced Cashiers azsnax@gmail.com**

### REGSKENNISGEWINGS & TENDERS

### DORPSBEPLANNING

4025

**NOTICE OF APPLICATION FOR A PROSPECTING RIGHT**
Goldipro (Pty) Ltd has applied for a prospecting right to prospect for copper, zinc, lead, gold, silver, cobalt, sulphur, barytes, pyrite, molybdenum, chrome, platinum group metals, nickel, tungsten, limestone, stone aggregate and sand over Portions 2, 3, 4 and 5 of the farm Hedley Plains A 64, situated in the Prieska district, Northern Cape province.
The prospecting right application has been compiled and submitted in terms of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002 (No. 28 of 2002) as amended by Act 49 of 2008 and in terms of the National Environmental Management Act, 1998 (No. 107 of 1998) as amended.
Consultation will be conducted in terms of Sections 42 to 47 of the National Environmental Management Act, 1998 (Act No. 107 of 1998) Environmental Impact Assessment Regulations, 2014 and in terms of Section 16 (4) and Regulation 3 of the Mineral Petroleum Resources Development Act, 2002 (Act 28 of 2002).
The Basic Assessment Report and Environmental Management Programme Report is available to all registered interested and/or affected parties, upon written request thereof, for perusal and comment.
Any interested and/or affected parties are hereby invited to register as such and any objections or inputs should be lodged, in writing, at the consultant mentioned below, by no later than 31 July 2017, for attention to:
M & S Consulting
PO Box 2473
Kimberley 8300
Tel. 053 861 1765
Fax 086 636 0731
E-mail: ms.consulting@vodamail.com
Att: Ms Tanja Jooste

### BOEDELKENNISGEWINGS

### BOEDELS: KREDITEURE EN DEBITEURE

4201

**B VAN DEN HEEVER**

In die boedel van wyle Barend van den Heever, ID 430903 5040 089, 'n pensioenaris, wat woonagtig was op die plaas Brakkuil, Viljoenskroon-distrik, datum van dood 26 April 2017, boedelnommer 004397/2017.
Debiteure en krediteure van bogemelde boedel word versoek om hul eise in te dien en hul skuld te betaal by die ondergetekendee binne 30 dae vanaf datum van publikasie hiervan.
WF Bouwer Prokureurs, 1225 Justice Mohamedstraat, Menlopark 0102. (Mnr. Bouwer/LB/W6602).

**HH LOCKHART**

ABSA

In die boedel van wyle Harry Herbert Lockhart, identiteitsnommer 341206 5060 083, datum van dood 31/03/2017, boedelnommer 1340/2017, van Minerva Gardens B-7, Minerva Gardens, Kimberley 8301.
Kennis geskied hiermee aan die krediteure en debiteure om hul vorderinge in te lewer en hul skulde te betaal by die ondergemelde binne 'n tydperk van 30 dae vanaf 15/06/2017.
Absa Trust Beperk, reg. no.: 1915/004665/06, Posbus 2413, Bloemfontein 9300. Tel. 051 401 0820, faks 086 584 9258, verw: mev. Roxanne Coetzee.

**HJ FERREIRA**

In die boedel van wyle Hester Johanna Ferreira, boedelnommer 4498/2017, Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein. Identiteitsnommer 410403 0010 082, gebore op 3 April 1941, oorlede op 11 Maart 2017, ongetroud, van Petersingel 6, Waverley, Bloemfontein 9301.
Krediteure en debiteure in bogemelde boedel word hiermee aangesê om binne 'n tydperk van 30 (dertig) dae vanaf 15 Junie 2017 hul eise teen die boedel in te stel en hul skulde aan die boedel by die ondergetekende te betaal.
Geteken op Parys op hede die 7de dag van Junie 2017. Du Toit Mandelstam, Dolfstraat 63, Posbus 43, Parys 9585. Tel. 056 811 2181. verw: JDT/mp/F161.

**JJ HOUPS**

In die boedel van wyle Johannes Jacobus Houps, van Belgrave Lodge, Kimberley, identiteitsnommer 240612 5011 037, datum oorlede 2017/04/19, boedelnommer 001348/2017.
Skuldeisers van bogenoemde boedel word hiermee versoek om binne 30 dae vanaf 15/06/2017 hul eise te bewys en hul skulde te betaal by die ondergetekende.
**KBVS PROKUREURS**
**POSBUS 565**
**BEARESTRAAT 51**
**KURUMAN 8460**

**JAC ACKERMAN**

ABSA

In the estate of the late Jan Abraham Christoffel Ackerman, identity number 370116 5012 089, date of death 07/04/2017, estate number 4600/2017, of Plot 10, Geluk, Grootvlei, Bloemfontein 9301.
Notice herewith to all debtors and creditors to lodge their claims with and pay their debts to the undersigned within 30 days from 15/06/2017.
Absa Trust Limited, Regno: 1915/004665/06, PO Box 2413, Bloemfontein 9300. Tel. 051 401 0624, fax 086 753 1181, ref: Miss Kelly Joodt.

**AANDAG ALLE ADVERTEERDERS**
**Die gebruik van die letter "A", leestekens soos "!" of "@" of die gebruik van syfers met die doel om die advertensie na die bopunt van die klassifikasie-lys te skuif, is streng verbode.**
**SMALLS NOTICE**

**ME BUBB**

ABSA

In the estate of the late Maria Elizabeth Bubb, identity number 501119 0162 083, date of death 06/04/1996, estate number 3853/2016 and surviving spouse Gideon James Bubb, identity number 480501 5085 085, of 8 Cunningham Street, Kuruman 8460.
Notice herewith to all debtors and creditors to lodge their claims with the undersigned within 30 days from 15/06/2017.
Absa Trust Limited, reg. no.: 1915/004665/06, PO Box 2413, Bloemfontein 9300. Tel. 051 401 0624, fax 086 753 1181, ref: Miss Kelly Joodt.

**MJ NTHOBA**

HS&R Hack, Stupel & Ross

In the estate of the late Mokete James Nthoba, identity number 740515 5434 081, born 15 May 1974, died 12 April 2013, of 16617 Lethuka Street, Blomanda, Bloemfontein and surviving spouse Gladys Portia Patience Nthoba, identity number 770710 0189 086, born 10 July 1977, estate number 023372/2014.
Debtors and creditors in the above estate are hereby required to lodge their claims with and pay their debts to the undersigned within thirty (30) days from date of publication hereof.
Hack Stupel & Ross Attorneys (NN 78), 2nd Floor, Standard Bank Chambers, Church Square, Pretoria 0001. Tel. 012 325 4185, date 6 June 2017.

**MM LUBBE**

In die boedel van wyle Maria Magdalena Lubbe, identiteitsnommer 240717 0017 086, van Harrismithstraat 3, Fauresmith 9978, oorlede op 2 Februarie 2017, boedelnommer: Bloemfontein 3000/2017.
Skuldeisers en skuldenaars in bogenoemde eiendom word hiermee versoek om hulle eise in te dien en hulle skulde te betaal aan die ondergetekende binne 'n tydperk van 30 (dertig) dae gereken vanaf Donderdag 15 Junie 2017.
Swiegers Erasmus (Agent vir die Eksekuteurs), Du Toitstraat 46, Posbus 35, De Aar 7000.

**PB LOMBARD**

McIntyre van der Post

In die boedel van wyle Pieter Benjamin Lombard, boedelnommer 31044, gebore op 18 Mei 1900 en oorlede op 21 Julie 1939, wat woonagtig was op die plaas Middelkop, distrik Harrismith en nagelate eggenote Dirkie Cornelia Lombard, identiteitsnommer 041209 0007 00 3.
Krediteure en debiteure in bogemelde boedel word versoek om hulle vorderinge in te lewer en hul skuld te betaal by die kantoor van die ondergetekende binne 'n tydperk van dertig (30) dae gereken vanaf 15 Junie 2017.
ASC du Preez, p/a McIntyre Van der Post, Barnesstraat 12, Westdene, Posbus 540, Bloemfontein 9300. Tel. 051 505 0200.

**XA GOLOMAN**

Matlho Attorneys

In the estate of the late Xhekiwe Agnes Goloman, identity number 701227 0410 085, born 27 December 1970, died 3 April 2004, of 44 Wildeamandel Street, Lourier Park, Bloemfontein, estate number 1896/2012.
Debtors and creditors in the above estate are hereby required to lodge their claims with and pay their debts to the undersigned within thirty (30) days from date of publication hereof.
Matlho Attorneys, 65 Kellner Park, Kellner Street, Westdene, Bloemfontein. Tel. 051 447 1881, date 2 June 2017.

**QC HAYWARD**

EG Cooper Majiedt Inc.

Boedel van wyle Quentin Calvin Hayward, identiteitsnommer 630304 5072 081, van Maselspoort, Huis 17, Bloemfontein, Meestersverwysing: 003419/2017, datum oorlede 27/03/2017.
Krediteure en debiteure in bovermelde boedel word hiermee versoek om hul vorderinge in te lewer en hul skulde te betaal by die ondergetekende binne 'n tydperk van 30 dae gereken vanaf datum van publikasie.
Eksekuteur, D Hayward, p/a EG Cooper Majiedt Ing., Kellnerstraat 77, Bloemfontein 9301. Tel. 051 447 3374.

**RG BOOK**

In the estate of the late Robert Gene Bock, identity number 470801 5714 185, born 1 August 1947, died 14 May 2017, of 13 Eddie de Beer Street, Dan Pienaar, Bloemfontein, estate number 004470/2017.
Debtors and creditors in the above estate are hereby required to lodge their claims with and pay their debts to the undersigned within thirty (30) days from date of publication hereof.
Geyer Accountants Inc., 149 President Reitz Street, The Office Park Nr. 10, Westdene, Bloemfontein 9301. Tel. 051 444 0890, date 8 June 2017.

**SJ VENTER**

Standard
This estate is being administered by Standard Trust Limited

In the estate of the late Stephanus Johannes Venter, ID No. 440410 5001 085, date of birth 10 April 1944, date of death 9 July 2016, and surviving spouse Aletta Catharina Venter, ID No. 461220 0001 087, of 49 Vermaak Avenue, Eklorie, Odendaalsrus, Northern Free State. No. 9019/2016.
Creditors and debtors in the above estate are hereby required to file their claims with and pay their debts to the undersigned within 30 days from the date of publication hereof.
Dated at Bloemfontein.
Executors and Trustees Ltd - Ref: NH, PO Box 5562, Cape Town 8000.

### BOEDELS: LIKWIDASIE EN DISTRIBUSIE

4205

**ASM DE WIT**

Sanlam

In die boedel van wyle Anna Susanna Maria De Wit, gebore 3 Oktober 1971, identiteitsnommer 711003 0106 082, van Generaal De la Reylaan 76, Bloemfontein 9306, boedelnr. 003005/2015, datum van afsterwe 16 Januarie 2015.
Kennis geskied hiermee dat die gewysigde eerste en finale likwidasie- en distribusierekening in bogenoemde boedel ter insae sal lê ten kantore van die Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein, vir 'n tydperk van 21 dae gereken vanaf 15 Junie 2017.
Sanlam Trust, Posbus 1260, Samlamhof 7532.
Tel. 021 947 6399.

**EAJ FERREIRA**

ABSA

In the estate of the late Ernst Andries Johannes Ferreira, identity number 510306 5066 083, of 59 Mark Street, Dealesville 9348, estate number 2892/2017.
Notice is hereby given that the amended first and final liquidation and distribution account will lie for inspection at the Master of the Supreme Court Bloemfontein and the Office of the Magistrate Dealesville for a period of 21 days from 15/06/2017.
Absa Trust Limited, reg. no.: 1915/04665/06, PO Box 2413, Bloemfontein 9300. Tel. 051 401 0630, fax 086 753 2484, ref. Mrs J Els 27109.

**CE DREYER**

ABSA

In die boedel van wyle Catherine Elizabeth Dreyer, identiteitsnommer 340403 0021 084, van Eliza Liddel Ouetehuis, Biddulphstraat, Harrismith 9880, boedelnommer 4648/2016.
Kennis geskied hiermee dat die eerste en finale likwidasie- en distribusierekening in bogenoemde boedel ter insae sal lê te kantoor van die Meester van die Hooggeregshof Bloemfontein en die Landdros Harrismith vir 'n tydperk van 21 dae gereken vanaf 15/06/2017.
Absa Trust Beperk, reg. no.: 1915/004665/06, Posbus 2413, Bloemfontein 9300. Tel. 051 401 0643, faks 086 584 9256, verw: mev. Alida Leonard 26492.

**EM STEYN**

In die boedel van wyle Elizabeth Maria Steyn, gebore 16 November 1925, identiteitsnommer 251116 0041 087, datum van afsterwe 2 Mei 2015, ongetroud, van Clocin Ouetehuis Clocolan, boedelnommer 006129/2015.
Kennis geskied hiermee dat die aanvullende rekening tot die eerste en finale likwidasie- en distribusierekening in die boedel in die kantore van die Meester van die Hooggeregshof Bloemfontein en die Landdros Clocolan vir 'n tydperk van een en twintig (21) dae vanaf 15 Junie 2017 - 6 Julie 2017 ter insae lê vir alle persone wat daarby belang het.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die eksekuteur tot uitbetaling daarvolgens oorgaan.
Eksekuteur, NO Oelofse Ing., Posbus 51, Senekal 9600. Tel. 058 481 2291, verw: R Minnie.

**HH LOCKHART**

ABSA

In die boedel van wyle Harry Herbert Lockhart, ID 341206 5060 083, van Minerva Gardens B-7, Minerva Gardens, Kimberley 8300, boedelnommer 1340/2017.
Kennis geskied hiermee dat die eerste en finale likwidasie- en distribusierekening in bogenoemde boedel ter insae sal lê by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof, Kimberley, vir 'n tydperk van 30 dae gereken vanaf 15/06/2017.
Absa Trust Beperk, Regno: 1915/004665/06, Posbus 2413, Bloemfontein 9301. Tel. 051 401 0820, faks 086 584 9258, verw: Mev Roxanne Coetzee 27156.

**JAC ACKERMAN**

ABSA

In the estate of the late Jan Abraham Christoffel Ackerman, identity number 370116 5012 089, of Plot 10, Geluk, Grootvlei, Bloemfontein 9301, estate number 4600/2017.
Notice is hereby given that the first and final liquidation and distribution account will lie for inspection at the Master of the Supreme Court, Bloemfontein and the office of the Magistrate, for a period of 30 days from 15/06/2017.
Absa Trust Limited, Regno: 1915/004665/06, PO Box 2413, Bloemfontein 9301. Tel. 051 401 0624, fax 086 753 1181, ref: Miss Kelly Joodt 27152.

**JH BOTHA**

ABSA

In the estate of the late Johannes Hendrik Botha, identity number 270821 5004 082, of 3 Heliograaf Street 3, General De Wet, Bloemfontein 9301, estate number 7678/2016 and surviving spouse Christina Hendrina Botha, identity number 330913 0064 084.
Notice is hereby given that the amended first and final liquidation and distribution account will lie for inspection at the Master of the Supreme Court, Bloemfontein, for a period of 21 days from 15/06/2017.
Absa Trust Limited, Regno: 1915/004665/06, PO Box 2413, Bloemfontein 9300. Tel. 051 401 0630, fax 086 753 2484, Ref: Mrs J Els 26730.



**RUGBYMANNE**
'n GEKOMBINEERDE o.7 rugbyspan van TNJ van der Walt Kollege, Loeriesfontein en Nieuwoudtville Akademie, het Saterdag 3 Junie 2017 pragtige rugby gespeel. Saam met die spannetjie is hul afrigtersoom Mac van Nieuwoudtville Akademie en oom Coach Francois van TNJ van der Walt Kollege.

JAPIE PROPAGEER 'N NUWE IDEAAL

# Bekwaamheid van elkeen te benut

*Geagte Leser,*

Soms wanneer ons die gevoel kry dat dit swaar gaan met ons land en dat ons selfs kan begin dink dat die situasie nie weer gaan verbeter nie, dan raak dit nodig dat ons weer besiel sal raak met 'n idealisme vir 'n beter Suid-Afrika. Hierdie besieling kan sy oorsprong hê in 'n nuwe gesprek, 'n gesprek wat totaal anders verloop as die huidige diskoers in ons land.

Kom ons droom van 'n nuwe opposisie met 'n nuwe leier wat soos volg die leiding sal neem in 'n belangwekkende toespraak: "Landgenote, ons kan nie daarvan wegkom nie dat ons land op haas elke terrein 'n krisis in die gesig staar. Dit kan nie ontken word nie en ook nie weggewens word nie. Die enigste manier hoe ons die greep van die verswakkende ekonomie en verweef daarmee, die verswakkende politieke leierskap, te bowe kan kom, is dat ons as 'n diverse nasie weer sal verenig rondom die grootse doelwit van 'n beter S.A. vir almal.

Wat ons nodig het is nie meer verdeling op 'n rassegrondslag nie, maar 'n gesamentlike visie van die pad vorentoe. Wat ons nodig het is nie slegs 'n kyk na die verlede nie, maar 'n gedeelde visie vir die toekoms. Hierdie visie sal net geloofwaardigheid hê indien ons tot die besef kom dat solank daar soveel armoede in ons land is, ons almal 'n bietjie armer is. Solank daar kinders is wat nie na behore kan skool gaan nie, dit ons almal se toekoms benadeel. Solank as wat alle mense ... ons land nie die voorreg van gelyke geleenthede met as grondslag gelyke geleenthede tot opleiding het nie, sal elkeen en almal daaronder ly.

Wat ons nodig het is publieke verteenwoordigers wat nie net hul posisies gebruik om hul eie onversadigbare, materialistiese behoeftes te bevredig nie. Wat ons nodig het is verteenwoordigers wat die behoeftes van mense verstaan en wat hulle daarop toelê om daardie behoeftes te bevredig sonder om te kyk wat hulself uit so 'n aksie kan kry.

Wat ons nodig het, is om onreg te sien vir wat dit is. Onreg is wanneer 'n paleis van byna R250 miljoen rand opgerig word in 'n area waar 350 kinders nie skool kan gaan nie, alhoewel 'n skool aan hulle belowe is.

Wat nodig is, is dat ons sal sien dat meriete nie 'n kleur het nie. Vir ons land om sy volle potensiaal te bereik, moet ons die bekwaamheid van elke inwoner benut tot voordeel van almal, spesiaal tot voordeel van hulle wat buite die hoofstroom van die ekonomie beweeg.

Wat ons nodig het, is dat ons sal wegbeweeg van verwyte en blameer, dat ons die voorbeeld van ander wat suksesvol is, ... volg sonder om begrip te verloor dat sommige 'n agterstand het en dat ons alles in ons vermoë moet doen om daarvoor te kompenseer."

*Groete, Japie.*

## CAO DUIWE

CARNARVON Posduif Klub se Warrenton II uitslae was as volg:

Jong Duiwe wenspoed 1679, 2789 mpm: Eben Hugo 1,6,7,8 en 10; Arno Smith 2,3,5,11 en 12; Roy Henegan 4,9,13,14 en 17; Witvleihokke 15 en 17.

Ope Duiwe wenspoed 1713, 6224 mpm: Roy Henegan 1,5,8, 16 en 18; Witvleihokke 2,3,4,19 en 20; Arno Smith 6,7,10,14 en 17; Eben Hugo 9,11,12,13 en 15.

Saterdag 17 Junie vlieg ons Vryburg ± 513Km.

AFSLUIT VAN WOLSEISOEN

# Puik pryse vir Sutherlander

**PORT ELIZABETH – Die wolseisoen het op 'n goeie noot afgesluit.**

Op die CMW veiling van 7 Junie 2017 het wol van 18,7 mikron en fyner asook 19 mikron onveranderd verhandel, terwyl wol van 19,5 tot 21,5 mikron sowat 2,5% laer was.

Die eerste wolveiling van die 2017/2018 seisoen is geskeduleer vir 16 Augustus 2017 met 19 Julie as die laaste inweegdatum.

Goeie pryse van CMW kliënte uit hierdie omgewing is behaal deur:

* J.A. van der Merwe, Sutherland vir 5 BFY van 17,2 mikron teen R155,00/kg.
* A.J. van der Merwe, Victoria-Wes vir 2 BH van 17,9 mikron teen R144,00/kg.
* J.A. van der Merwe, Sutherland vir 3 BH van 16,5 mikron teen R140,00/kg.
* J.A. van der Merwe, Sutherland vir 1 AH van 17,4 mikron teen R140,00/kg.
* Driekoppen Boerdery, Carnarvon vir 1 BH van 17,8 mikron teen R139,00/kg.
* J.A. van der Merwe, Sutherland vir 1 BF van 16,8 mikron teen R136,40/kg.
* J.P. Bezuidenhoudt, Richmond vir 1 BMY van 18,0 mikron teen R133,10/kg.
* J.A. van der Merwe, Sutherland vir 6 CF van 17,1 mikron teen R132,50/kg.
* J.P. Bezuidenhoudt, Richmond vir 1 CL van 17,1 mikron teen R131,80/kg.

DROOGTEHULP VIR CALVINIA

# Stellalanders het vier gestuur

**CALVINIA – Die AfriForum-tak in Vryburg en Stella Boerevereniging het hande gevat om Calvinia te help.**

'n Anonieme boer van Stella het 'n skenking van 1 000 bale voer aan boere in Calvinia gemaak wat steeds onder die droogte gebuk gaan. AfriForum het die brandstofkostes vir die aflewering van die voer ten volle gedek.

P.M. de Villiers, 'n lid van die Stella Boerevereniging, het 850 bale op 5 Junie 2017 in Calvinia afgelewer. Die ander 150 bale gaan tot droogtepille verwerk word wat ook geskenk sal word.

"Die boere het die voer met dankbaarheid ontvang, want daar is niks in die veld nie," sê De Villiers.

"Ons is dankbaar dat AfriForum en die boerevereniging saamwerk vir hierdie goeie saak. Albei organisasies is steeds besig met planne om die boere in nood te help," sê Alta Pretorius, AfriForum streekskoördineerder vir Stellaland.


KVB

MET SY HOOFKANTOOR TE VICTORIA-WES HET DIE VOLGENDE VAKANTE BETREKKING TE VICTORIA-WES

**KREDITEURE KLERK**

**VEREISTES VAN DIE POS**
Rekenaarvaardig
Matrieksertifikaat

**AANBEVELINGS VIR DIE POS**
Algemene Besigheidskennis

**DIE VOLGENDE PLIGTE SAL VAN AANSOEKER VERWAG WORD:**
* Krediteure
* Maandelikse rekonsiliasie van krediteure
* Liassering van krediteure leêrs
* Opstel van uitstaande faktuurlys
* Navrae van krediteure hanteer
* Kontantfakture hanteer
* Inlees van betalings op stelsel
* Loshande - lone
* Ad Hoc Opdragte

**VERGOEDING VAN VAKANTE POS**
* Markverwante Salaris
* Pensioenvoordele
* Mediese Subsidie
* Aankoopsvoordele
* Omsetbonus (Onderhewig aan Direksie besluit)
* Verlofvoordele

Vir meer inligting, kontak
**Mev Ancha de Bruyn by 053 621 0162**
U kan u CV faks na 053 621 0550
of e-pos na **adebruyn@kvbk.co.za**
**AANSOEKE SLUIT 30 JUNIE 2017**
Indien u binne 14 dae na sluiting van die pos geen terugvoering van ons ontvang het nie, beskou dat u onsuksesvol was.



FINANCIAL SERVICES | TOYOTA

**WAARBORG AVONTUUR MET TOYOTA FutureDrive**

**IN 3 MAKLIKE STAPPE**

Gaan na jou naaste handelaar vir deposito bystand***

Betaal slegs **R5 662*** pm

Gewaarborgde Toekomswaarde van 60% met Toyota FutureDrive



| RAV4 2.0P GX 2WD | |
|---|---|
| PRYS BEGINS | R368 800 |
| RENTEKOERS | 11,27% |
| AANTAL PAAIEMENTE | 36 |
| DEPOSITO*** | R40 000 |
| GEWAARBORGDE TOEKOMSWAARDE | [illegible] |
| GEWAARBORGDE TOEKOMSWAARDE % | 60% |
| MAANDELIKSE PAAIEMENT* | R5 662 |
| TOTAAL PAAIEMENTE | R203 832 |

RAV4. MAAK DIT JOUNE MET TOYOTA FutureDrive

Beaufort Wes TOYOTA
Beaufort West TOYOTA
Tel: 023 414 2101 | 12 Donkin Street | Beaufort West | 6970

RAV4


**NOTICE OF APPLICATION FOR A PROSPECTING RIGHT**

Goldipro (Pty) Ltd has applied for a Prospecting Right to prospect for Copper, Zinc, Lead, Gold, Silver, Cobalt, Sulphur, Barytes, Pyrite, Molybdenum, Chrome, Platinum Group Metals, Nickel, Tungsten, Limestone, Stone Aggregate and Sand over Portions 2, 3, 4 and 5 of the Farm Hedley Plains A 64, situated in the Prieska District, Northern Cape Province.

The prospecting right application has been compiled and submitted in terms of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002 (No. 28 of 2002) as amended by Act 49 of 2008 and in terms of the National Environmental Management Act, 1998 (No. 107 of 1998) as amended.

Consultation will be conducted in terms of Sections 42 to 47 of the National Environmental Management Act, 1998 (Act No. 107 of 1998), Environmental Impact Assessment Regulations, 2014 and in terms of Section 16(4) and Regulation 3 of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002 (Act 28 of 2002)

The Basic Assessment Report and Environmental Management Programme Report is available to all registered interested and/or affected parties, upon written request thereof, for perusal and comment.

Any interested and/or affected parties are hereby invited to register as such and any objections or inputs should be lodged, in writing, at the consultant mentioned below, by no later than 31 July 2017, for attention to:

M&S Consulting
P.O. Box 2473
Kimberley 8300
Tel: 053 861 1765
Fax: 086 636 0731
E-mail: ms.consulting@vodamail.co.za
Att: Ms. Tanja Jooste